# Hoe om vir jong bekeerlinge te bid

Ons kan bid vir iemand se redding. Na 'n tyd beantwoord die Here ons gebede en daardie persoon kom tot inkeer. Dikwels word sulke nuwe gelowiges vergeet en niemand bid verder vir hulle nie. Doelgerigte gebed vir elke nuwe bekeerling is baie belangrik. Doelgerigte gebed sal hulle help om geestelik te groei en sterker te word. Die volgende is enkele gebedsriglyne:

- Bid dat hulle sal groei tot geestelike volwassenheid. In **Efesiërs 4:13 en 15** lees ons: *So sal ons uiteindelik almal kom tot die werklike eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God. Dan sal ons, Sy kerk, soos 'n volgroeide mens wees, so volmaak en volwasse soos Christus... ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe. Hy is immers die hoof.*
- Bid vir 'n groter sterwe aan die self en dat die persoon aan die dood van Christus gelykvormig sal word en die krag van Sy opstanding sal ervaar. **Fillipense 3:10-11** sê: *Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van Sy opstanding te ondervind en deel te hê aan Sy lyding deur aan Hom gelyk te word in Sy dood, in die verwagting dat ek self deel sal hê aan die opstanding uit die dood.*
- Bid vir groei in liefde, kennis, ervaring en sensitiwiteit. **Fillipense 1:9-11** sê: *Ook bid ek dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat julle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom. Dan sal julle op die dag wanneer Christus kom, onberispelik en sonder blaam wees, en deur Jesus Christus sal julle geheel en al in die regte verhouding met God wees, tot sy lof en eer.*
- Bid dat hulle vervul sal word met die Heilige Gees. **Lukas 11:13** sê: *As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee—die Vader in die hemel nog baie meer! Hy sal die Heilige Gees gee vir dié wat vra.*
- Bid vir die krag van die Heilige Gees om te getuig. **Handelinge 1:8**: *Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal My getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.*
- Bid dat nuwe gelowiges die gawes sal ontdek wat die Heilige Gees hulle gegee het. **1 Korintiërs 12:11** sê: *Maar al hierdie dinge is die werk van een en dieselfde Gees, wat aan elkeen afsonderlik 'n gawe uitdeel soos Hy wil.*
- Bid vir nederigheid en dat hulle gewillig sal wees om deur ander geleer en onderrig te word.
- Bid dat hulle gedissiplineerde stiltetye sal hê en gereeld die Bybel sal lees en bid.
- Bid dat hulle sal verstaan wat hulle in die Bybel lees en dat hulle gebedslewe sal groei.
- Bid dat hulle ware dissipels en volgelinge van Jesus Christus sal wees.
- Bid dat hulle aktief betrokke sal raak by 'n plaaslike gemeente en hulle bydrae in God se koninkryk sal lewer.
- Bid dat hulle met vrymoedigheid sal getuig oor hul bekering en nuwe lewe in Christus.
- Bid saam met hulle vir oorwinning oor sondes waarmee hulle sukkel, bv. humeur, jaloesie, koppigheid, ens.
- Bid vir hulle verhoudings met hul familie. As dit 'n kind, is vir die verhouding met sy ouers, as dit 'n getroude persoon is vir sy/haar verhouding met 'n huweliksmaat en kinders.
- Bid vir die persoon soos wat 'n beeldhouer aan 'n stuk marmer werk. Die beeldhouer beitel stukkie vir stukkie weg met sy hamer en beitel totdat die beeld wat hy wil hê, voor hom is. Ons moet dieselfde doen in gebed; bid totdat Christus in die persoon vorm aanneem.